Ps 116 EK HET DIE HERE LIEF!

1. PARTY VIND DIT MOEILIK

*"Ek het die Here lief…" (:1)*

Vind jy dit maklik of moeilik om die Here lief te hê *"met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand"*? (Matt 22:37) Ek kan aan 'n **hele paar redes** dink waarom sommige mense dit baie moeilik kan vind – redes wat met die beeld/voorstelling/ **persepsie** wat hulle van God het te doen het.

1. Dit is byvoorbeeld moeilik om 'n God lief te hê wat in jou oë **ver en afwesig** is. *("Why do you call God your Father?" "Because He never comes home.")* Wie so oor God dink, besef nie dat Hy altyd by ons teenwoordig is nie.
2. Ander dink aan God as 'n **"boelie"**. Die boelie is mos daardie kind op die speelgrond wat groter en sterker as die ander is en dan al die kleintjies afknou. Jesus het ons egter geleer dat ons in 'n **Vader**-kind verhouding met God staan.
3. Party dink aan God as **streng en hard, as ongenaakbaar**. Jesus het ons kom leer dat Hy 'n liefdevolle hemelse Vader is. (ook moederbeelde)
4. Daar is diegene wat mag dink dat God **te besig** is om aan hulle aandag te gee. Jesus het kom verkondig dat Hy wat vir die mossies sorg, ook oor elkeen van ons besorg is. Die mense vir wie die samelewing van destyds nie tyd gehad het nie (vroue, kinders, tollenaars, melaatses, samaritane ens.), het gevind dat Hy wel vir hulle tyd het. Sy dissipels wou nog die kinders probeer weghou, maar Hy het gesê: *"Laat die kindertjies na My toe kom en moet hul nie verhinder nie…"*
5. Dan is daar die mense wat dink God is **"spiteful" en wraaklustig**: Hy maak seker dat Hy mense wat Hom **te na kom, terugkry**! Dis nie die God wat die psalmis geken het nie. In vers 5 sê hy Hy is genadig en regverdig en Hy ontferm Hom oor ons.

As jy dit moeilik vind om vir God lief te wees, moet jy **weer 'n keer gaan dink** oor die **beeld** wat jy van God in jou gedagtes het. **Stem dit ooreen** met die beeld wat Jesus vir ons kom voorhou het? Ons **moenie vassteek** by wat ons in die OT van God lees nie. Jesus het mos by geleentheid **vir Filippus** gesê: *"Wie My sien, sien die Vader."* (Joh 14:9) As ons **aan God dink soos** wat Jesus Hom aan ons kom bekend stel het, sal ons nie anders kan as om Hom lief te hê nie!

2. DIE PSALMIS SE GETUIENIS

**Die psalmis** het natuurlik **lank voor** Jesus se optrede gelewe. Tog kon hy **uit eie ervaring** oor die liefde en genade van God getuig. Hy noem 'n hele aantal **redes** waarom hy die Here liefhet.

1. *"Want Hy verhoor my smeekgebede."* (:1)

   - Hy was in die **moeilikheid** (:3 *"Bande van die dood het my omsluit, doodsangs het my aangegryp"*). Toe roep hy tot die Here om hulp. Al wat hy kon uitkry, was: *"Here, red my tog!"* (:4) - en God het uitkoms gegee: *"Hy het my gered."* (:6)
   - Hy was in **groot onsekerheid** en het l**eiding** nodig gehad. Hy was *"in vertwyfeling"* en het besef hy *"kan op geen mens staat maak nie."*

(:11) Maar hy vertel hy het in die Here **bly glo**, *"selfs toe ek gedink het dit is klaar met my."* (:10) En die Here het hom nie teleur gestel nie.

- Daar was 'n tyd toe hy **bitterlik swak** gevoel het *("magteloos"* :6) en God het aan hom die nodige krag gegee

Ja, die Bybel is van begin tot end **vol getuienisse** dat God sy kinders se **gebede hoor en verhoor.**
Ek sal graag **u getuienisse** ook wil hoor – toe jy *raad-op* was, *magteloos* gevoel het, in die *moeilikheid* was – tot God gebid en daar toe uitkoms gekom het!
Dit mag ook wees dat die uitkoms gekom het **sonder dat ons besef** het dit was in antwoord op ons gebed – soos die persoon wat vertel het hoedat hulle in die **woestyn** verdwaal het en later geen water oorgehad het nie. Hulle bid toe dat God sal reën stuur. "Het Hy toe geluister na julle gebede?" "Nee, wat, dit het alles niks gehelp nie." "Hoe het julle toe oorleef?" "Gelukkig het daar toe toevallig 'n karavaan kamele verbygekom wat vir ons van hulle water gegee het en ons die regte pad beduie het!"

2. Want "U het my van die dood gered" (:8)

- Wanneer ons na 'n **siekte herstel** het, is ons dankbaar teenoor ons dokter en die spesialis.
- Ons is vandag dankbaar teenoor ons **onderwysers** vir wat hulle ons geleer het.
- Ons is dankbaar teenoor diegene wat ons al in ons lewe **goeie raad** gegee en ons van finansiële rampspoed gered het.

**Hoeveel te meer** behoort ons nie dankbaar te wees vir Jesus wat deur sy dood en opstanding ons van die **ewige dood** gered het nie! Deur in Hom te glo ontvang ons die **ewige lewe**. Joh 5:24 *"Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan."*
Daar is mense wat kan vertel hoedat hulle as't ware weer van hul **sterfbed kon opstaan** en weer normaalweg voortgaan met hulle lewens. Daar is wonderlike verhale van mense wat **terminaal siek** was en genees is. Tog gaan almal **uiteindelik dood**. Kinders van die Here kan **nietemin** die Here saam met die psalmis dank en sê: *"U het my van die dood gered, want ek weet ek sal lewe al het ek ook gesterwe!"* (Gerugte dat Osama Ben Laden nog lewe - ) 'n Groot prediker uit die vorige eeu het gesê: *"Julle sal ook eendag in die begrafniskennisgewings van die koerante lees dat ek dood is. Ek vra julle: Moenie 'n woord daarvan glo nie!"*

3. Want "U het 'n einde gemaak aan my trane" (:8)

In die boek **Openbaring** verklaar Johannes ivm die **nuwe hemel en die nuwe aarde**: *"Hy sal al die trane van hul oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan."* (Open 21:4)
Maar het jy al gedink aan hoeveel trane die Here jou **reeds op hierdie tranedal gespaar** het sedert jy Hom as Verlosser en Here aangeneem het? Was dit nie vir Hom nie, sou jy en ek die **pyn en frustrasies** van die lewe ervaar het SONDER die bronne wat God beskikbaar stel om dit te kan hanteer. Daar sou vir ons **geen troos** in droefheid gewees het nie. Ons sou nie **Sy leiding** in tye van onsekerheid gehad het nie. Daar sou vir ons **geen hoop** in tye van neerlaag gewees het nie. Ons Here het ook

reeds baie trane afgevee deur die **oorsaak daarvan** te verwyder – ons leef byvoorbeeld ‘n meer verantwoordelike lewe.
Dit bring ons by die **volgende rede** waarom hy sê dat hy die Here liefhet:

4. Want “U het gesorg dat ek nie weer struikel nie.” (:8)

Die Here **vergewe** ons ons sonde, maar meer as dit. Hy wil ons ook **verlos** van die **mag en praktyk** van die sonde in ons daaglikse lewe. Dit hou ons terug, dit laat ons struikel en val, dit bring trane van hartseer en verwyt. Dit gebeur nog soms **met almal** van ons dat ons struikel. Daar is **niemand** wat die Here te alle tye 100% gehoorsaam is nie. Soms hou ons ons nog **doof** vir Sy stem en party keer is ons **opstandig**, maar Hy is deurentyd aan ons sy en hou ons hand vas. Jesus: *“Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee.”* (Joh 8:12) Hoe dankbaar kan ons nie wees wanneer ons oor ons **lewens terugkyk** vir die kere wat Hy ons van struikeling bewaar het nie! Miskien het dit gebeur deur ‘n **preek**, of ‘n vriend of vriendin, ‘n ouer of kind, of ‘n insig wat ek betyds gekry het om die **regte besluit** te kon neem.

SLOT
Jesus het na sy opstanding drie maal vir **Petrus** gevra: *“Het jy my lief?”* (Joh 21:15vv)
**Het jy die Here lief**?
God het al op baie maniere Sy liefde **vir jou verklaar**. Dink maar net weer aan jou **doop**, aan elke **nagmaalviering** wat jy al bygewoon het.
**Moenie uitstel** om ook jou liefde vir Hom te verklaar nie.

Amen.
8 Mei 2011